

# Government Gazette

# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA  
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 495

Cape Town,  
Kaapstad, 7 September 2006

No. 29198

## THE PRESIDENCY

No. 894

7 September 2006

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**No. 11 of 2006: 2010 FIFA World Cup South Africa Special Measures Act, 2006.**

## DIE PRESIDENSIE

No. 894

7 September 2006

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 11 van 2006: Wet op Spesiale Maatreëls rakende die 2010-FIFA-Wêreldbeker Suid-Afrika, 2006.**

*(English text signed by the President.)  
(Assented to 1 September 2006.)*

# ACT

**To give effect to the Organising Association Agreement between FIFA and SAFA and to the guarantees issued by the Government to FIFA for the hosting and staging of the 2010 FIFA World Cup South Africa; and to provide for matters connected therewith.**

## PREAMBLE

**WHEREAS** the Fédération Internationale de Football Association (FIFA) is the world governing body for the sport of football and is responsible for promoting football around the world through education and development programmes and through promoting and supervising international matches;

**AND WHEREAS** FIFA invited the African Member Associations affiliated to FIFA to bid for the right to serve as host for the final competition of the 2010 FIFA World Cup and provided interested national associations with a List of Requirements regarding the staging and hosting of the final competition of the 2010 FIFA World Cup;

**AND WHEREAS** the South African Football Association (SAFA) confirmed its bid for the right to serve as host of the final competition of the 2010 FIFA World Cup by submitting the bid documentation to FIFA;

**AND WHEREAS** the Government of the Republic of South Africa confirmed its support for SAFA's bid to host the 2010 FIFA World Cup by issuing a Declaration in terms of which it undertook to issue all guarantees requested in the List of Requirements to ensure the success of the 2010 FIFA World Cup and to take all measures necessary in order to comply with such guarantees and shall perform its obligations with due co-operation;

**AND WHEREAS** FIFA has appointed SAFA as host of the 2010 FIFA World Cup South Africa in accordance with the Organising Association Agreement;

**AND WHEREAS** the Government of the Republic of South Africa has a duty to pursue major developmental goals as demanded by the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, as reflected in broad initiatives to eradicate poverty by 2014 which have been endorsed by the people of South Africa and the United Nations, the Government must strike a balance between the broad national interests of the Republic and the specific interests of FIFA when implementing its guarantees;

**AND WHEREAS** it is necessary to enact legislation to give effect to the Declaration and the guarantees referred to above,

*(Engelse teks deur die President geteken.)  
(Goedgekeur op 1 September 2006.)*

# WET

**Om uitvoering te gee aan die Reëlingsvereniging-ooreenkoms tussen FIFA en die SASV en aan die waarborgsdeur die Regering aan FIFA gegee met betrekking tot die gasheerskap vir en aanbieding van die 2010-FIFA-Wêreldbeker Suid-Afrika; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarvan in verband staan.**

## AANHEF

**AANGESIEN** die “Fédération Internationale de Football Association” (FIFA) die wêreldbeheerliggaam van die sport sokker is en daarvoor verantwoordelik is om sokker oor die wêreld heen te bevorder deur opvoedings- en ontwikkelingsprogramme en deur die bevordering van en toesig oor internasionale wedstryde;

**EN AANGESIEN** FIFA die Afrika-ledeverenigings wat by FIFA geaffilieer is, genooi het om 'n bod te maak vir die reg om as gasheer op te tree vir die eindwedstrydreeks van die 2010-FIFA-Wêreldbeker en die belangstellende nasionale verenigings voorsien het van 'n Lys Vereistes met betrekking tot die aanbieding van en gasheerskap vir die eindwedstrydreeks van die 2010-FIFA-Wêreldbeker;

**EN AANGESIEN** die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging (SASV) sy bod vir die reg om as gasheer vir die eindwedstrydreeks van die 2010-FIFA-Wêreldbeker op te tree bevestig het deur sy boddokumente aan FIFA voor te lê;

**EN AANGESIEN** die Regering van die Republiek van Suid-Afrika sy steun vir die SASV se bod om as gasheer vir die 2010-FIFA-Wêreldbeker op te tree, bevestig het deur 'n Verklaring uit te reik waarkragtens hy onderneem het om al die waarborgs wat in die Lys Vereistes aangevra word, te gee ten einde die sukses van die 2010-FIFA-Wêreldbeker te verseker en om al die nodige maatreëls te tref ten einde sodanige waarborgs gestand te doen en al sy verpligte met behoorlike samewerking na te kom;

**EN AANGESIEN** FIFA die SASV as gasheer vir die 2010-FIFA-Wêreldbeker Suid-Afrika ooreenkomsdig die Reëlingsvereniging-ooreenkoms aangestel het;

**EN AANGESIEN** die Regering van die Republiek van Suid-Afrika 'n plig het om belangrike ontwikkelingsdoelwitte na te streef soos vereis deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en blyk uit breë inisiatiewe om armoede teen 2014 uit te wis, wat deur die mense van Suid-Afrika en die Verenigde Nasies onderskryf is, en die Regering by die toepassing van sy waarborgs 'n balans moet handhaaf tussen die breë nasionale belang van die Republiek en die spesifieke belang van FIFA;

**EN AANGESIEN** dit nodig is om wetgewing te verorden om aan die Verklaring en waarborgs hierbo vermeld uitvoering te gee,

**B**E IT THEREFORE ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa,  
as follows:—

### Definitions

1. In this Act, unless the context indicates otherwise—

- “**2010 FIFA World Cup South Africa**” means the FIFA World Cup football tournament to be staged in and hosted by the Republic in 2010 in terms of the Organising Association Agreement, and includes the 2009 FIFA Confederations Cup to be staged in the Republic in 2009; 5
- “**accreditation card**” means any card issued in terms of section 5(3);
- “**designated area**” means a site or an area designated in terms of section 5(1); 10
- “**FIFA**” means the Fédération Internationale de Football Association;
- “**final competition**” means the final tournament of the 2010 FIFA World Cup South Africa which shall be contested in the year 2010 in the Republic by 32 teams and which shall be deemed to last for the period stipulated by the Minister by notice in the *Gazette*; 15
- “**Immigration Act**” means the Immigration Act, 2002 (Act No. 13 of 2002);
- “**LOC**” means the 2010 FIFA World Cup Organising Committee South Africa (an association incorporated under section 21 of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973));
- “**match**” means a football match in its entirety (including overtime and penalty kick phases) played as part of the 2010 FIFA World Cup South Africa, and includes any training session or exhibition by a participating team or delayed or deferred matches and replays; 20
- “**Minister**” means the Minister responsible for sport and recreation at national level in the Republic; 25
- “**Organising Association Agreement**” means the Organising Association Agreement, including its annexes, entered into between FIFA and SAFA;
- “**peace officer**” means a peace officer as defined in section 1 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), and includes a member of a municipal police service as defined in section 1 of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995); 30
- “**prescribed**” means prescribed by regulation;
- “**regulation**” means any regulation made in terms of section 9;
- “**SAFA**” means the South African Football Association or its successors-in-title;
- “**stadium**” means a stadium contemplated in section 2; 35
- “**team**” means the 23 football players and the 27 persons accompanying such football players representing a national association affiliated with FIFA, which national association has qualified to participate in the 2010 FIFA World Cup South Africa;
- “**traffic-free zone**” means a public road or area contemplated in section 7(1)(b); 40
- “**venue**” means any area or place contemplated in section 2.

### Declaration as stadium or venue

2. (1) The Minister must by notice in the *Gazette* declare a stadium or venue as a stadium or venue recognised for the purposes of this Act upon written confirmation by the LOC that such—

- (a) stadium has been identified and selected to host one or more matches under the auspices of the 2010 FIFA World Cup South Africa; and
- (b) venue has been identified and selected.

(2) For the purposes of subsection (1), “venue” means any area or place, other than a stadium, which—

- (a) is demarcated by an enclosed or semi-enclosed temporary or permanent building structure where one or more matches are to be hosted under the auspices of the 2010 FIFA World Cup South Africa; and
- (b) may consist, amongst other things, of seating for spectators, attendees or an audience, a field of play, a permanent or temporary podium and any other recreational area required for hosting the 2010 FIFA World Cup South Africa. 55

**WORD DAAR DERHALWE BEPAAL** deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

### Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

- “**2010-FIFA-Wêreldbeker Suid-Afrika**” die FIFA-Wêreldbeker-sokkertoernooi wat in 2010 in en onder gasheerskap van die Republiek aangebied gaan word ingevolge die Reëlingsvereniging-ooreenkoms, en ook die 2009-FIFA-Konfederasiebeker wat in 2009 in die Republiek aangebied gaan word; “**aangewese gebied**” ’n terrein of gebied ingevolge artikel 5(1) aangewys; “**akkreditasiekaart**” enige kaart ingevolge artikel 5(3) uitgereik; “**eindwedstrydreeks**” die eindtoernooi van die 2010-FIFA-Wêreldbeker Suid-Afrika wat in 2010 in die Republiek deur 32 spanne beslis gaan word en wat geag word te duur vir die tydperk deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal; “**FIFA**” die “Fédération Internationale de Football Association”; “**Immigrasiewet**” die “Immigration Act, 2002” (Wet No. 13 van 2002); “**Minister**” die Minister op nasionale vlak verantwoordelik vir sport en ontspanning in die Republiek; “**PRK**” die “2010 FIFA World Cup Organising Committee South Africa” (’n vereniging ingelyf ingevolge artikel 21 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973)); “**Reëlingsvereniging-ooreenkoms**” die Reëlingsvereniging-ooreenkoms, met inbegrip van die aanhangsels daarvan, aangegaan tussen FIFA en die SASV; “**regulasie**” ’n regulasie uitgevaardig ingevolge artikel 9; “**SASV**” die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging of syregsopvolgers; “**span**” die 23 sokkerspelers en die 27 persone wat sodanige sokkerspelers vergesel, wat ’n nasionale vereniging verteenwoordig wat by FIFA geaffilieer is en gekwalifiseer het om aan die 2010-FIFA-Wêreldbeker Suid-Afrika deel te neem; “**stadion**” ’n stadion beoog in artikel 2; “**verkeersvrye sone**” ’n openbare pad of gebied beoog in artikel 7(1)(b); “**voorgeskryf**” by regulasie voorgeskryf; “**vredesbeampte**” ’n vredesbeampte soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), en ook ’n lid van ’n munisipale polisiediens soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995); “**wedstryd**” ’n sokkerwedstryd in sy geheel (met inbegrip van oortyd- en strafskopfases) gespeel as deel van die 2010-FIFA-Wêreldbeker Suid-Afrika, en ook ’n oefensessie of vertoongeleentheid deur ’n deelnemende span of ’n vertraagde of uitgestelde wedstryd of ’n herhaalwedstryd; “**wedstrydplek**” ’n gebied of plek beoog in artikel 2.

### Verklaring tot stadion of wedstrydplek

2. (1) Die Minister moet, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, ’n stadion of wedstrydplek verklaar tot ’n stadion of wedstrydplek wat by die toepassing van hierdie Wet erken word, indien die PRK skriftelik bevestig dat sodanige—

- (a) stadion geïdentificeer en gekies is as gasheer vir een of meer wedstryde onder beskerming van die 2010-FIFA-Wêreldbeker Suid-Afrika; en
- (b) wedstrydplek aldus geïdentificeer en gekies is.
- (2) By die toepassing van subartikel (1) beteken “**wedstrydplek**” enige ander gebied of plek as ’n stadion wat—
- (a) afgegrens word deur ’n toe of halftoe tydelike of permanente boustruktuur waar een of meer wedstryde onder beskerming van die 2010-FIFA-Wêreldbeker Suid-Afrika gaan plaasvind; en
- (b) kan bestaan uit onder meer sitplek vir toeskouers, besoekers of ’n gehoor, ’n speelveld, ’n permanente of tydelike podium en enige ander ontspanningsgebied wat nodig is om as gasheer vir die 2010-FIFA-Wêreldbeker Suid-Afrika op te tree.

**National anthems and flags**

**3.** (1) No person may prevent—

- (a) the playing of the national anthem of any country represented by a team during any match or other official event of the 2010 FIFA World Cup South Africa; and
- (b) the flying of the national flag of any country represented by a team during any match or other official event of the 2010 FIFA World Cup South Africa.

(2) Any person who contravenes or fails to comply with subsection (1) is guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding one year or to both a fine and such imprisonment.

5

10

**Visas, visitor's permits, work permits and business permits**

**4.** (1) Subject to the Immigration Act, the—

- (a) Minister of Home Affairs may grant a visa in terms of section 10A(3)(a) of the Immigration Act to a person from a country that is not exempt from complying with visa requirements to attend the 2010 FIFA World Cup South Africa for the requested period if that person lodges an application for a visa with the Minister of Home Affairs at least 14 days before departing for the Republic; and
- (b) Director-General of Home Affairs may issue a visitor's permit in terms of section 11(1) of the Immigration Act to a person from a country that is exempt from complying with visa requirements upon entry into the Republic in order to attend the 2010 FIFA World Cup South Africa for the period which that person is exempt from complying with visa requirements.

(2) (a) Any person, including team members, intending to conduct work in the Republic in connection with and for the duration of the 2010 FIFA World Cup South Africa must, in support of an application for an authorisation in terms of section 11(2) of the Immigration Act, submit a letter to the Minister of Home Affairs from FIFA approving the work to be conducted.

(b) A person contemplated in paragraph (a) intending to conduct work for a period exceeding the period for which he or she enjoys exemption from having to comply with visa requirements, must be in possession of a valid visa for the intended period and purpose prior to proceeding to the Republic: Provided that the period of the intended visit may not exceed six months.

(3) The Minister of Home Affairs may allow dignitaries identified as such by FIFA to be admitted to and sojourn in the Republic for the duration of the 2010 FIFA World Cup South Africa in terms of section 31(2)(a) of the Immigration Act if a list containing the personal particulars of the dignitaries prepared by FIFA is received by the Minister of Home Affairs at least 30 days before the dignitaries intend to depart for the Republic.

(4) (a) If any person intends to conduct work, or establish or invest in a business, in the Republic for a period exceeding six months in connection with the 2010 FIFA World Cup South Africa, such person must, when applying for a work permit or a business permit in terms of the Immigration Act, provide the Director-General of Home Affairs with—

- (i) proof of accreditation with FIFA in support of the application at least 30 days prior to proceeding to the Republic;
- (ii) a description of the activities that will be undertaken in the Republic; and
- (iii) the duration of the intended stay.

(b) If a person contemplated in paragraph (a) wishes to be exempted from having to comply with any of the requirements for a work permit or business permit prescribed in the Regulations made under section 7 of the Immigration Act, that person must ensure that the Minister of Home Affairs receives an application in terms of section 31(2)(c) of the Immigration Act for the waiver of those requirements at least 60 days prior to that person proceeding to the Republic.

15

20

25

30

35

40

45

50

**Nasionale liedere en vlae**

**3.** (1) Geen persoon mag verhoed dat—

(a) die nasionale lied van enige land wat deur 'n span verteenwoordig word, gedurende enige wedstryd of ander amptelike geleentheid van die 2010-FIFA-Wêreldebeker Suid-Afrika gespeel word nie; en

(b) die nasionale vlag van enige land wat deur 'n span verteenwoordig word, gedurende enige wedstryd of ander amptelike geleentheid van die 2010-FIFA-Wêreldebeker Suid-Afrika gevoer word nie.

(2) Enige persoon wat subartikel (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar of met sowel 'n boete as sodanige gevangenisstraf.

5

10

**Visums, besoekerspermitte, werkpermitte en besigheidspermitte**

**4.** (1) Behoudens die Immigrasiewet—

(a) kan die Minister van Binnelandse Sake ingevolge artikel 10A(3)(a) van die Immigrasiewet aan 'n persoon uit 'n land wat nie vrygestel is van voldoening aan visumvereistes nie, 'n visum uitrek om die 2010-FIFA-Wêreldebeker Suid-Afrika by te woon vir die aangevraagde tydperk indien daardie persoon, minstens 14 dae voor sy of haar vertrek na die Republiek, 'n aansoek om 'n visum by die Minister van Binnelandse Sake indien; en

15

(b) kan die Direkteur-generaal: Binnelandse Sake ingevolge artikel 11(1) van die Immigrasiewet aan 'n persoon uit 'n land wat vrygestel is van voldoening aan visumvereistes, wanneer daardie persoon die Republiek binnekom, 'n besoekerspermit om die 2010-FIFA-Wêreldebeker Suid-Afrika by te woon uitrek vir die tydperk waarvoor daardie persoon van voldoening aan visumvereistes vrygestel is.

20

(2) (a) 'n Persoon, met inbegrip van 'n spanlid, wat beoog om in verband met en vir die duur van die 2010-FIFA-Wêreldebeker Suid-Afrika in die Republiek werk te verrig, moet 'n brief van FIFA aan die Minister van Binnelandse Sake waarin goedkeuring verleen word dat die werk verrig word, ter ondersteuning van 'n aansoek om 'n magtiging ingevolge artikel 11(2) van die Immigrasiewet voorlê.

25

(b) 'n Persoon bedoel in paragraaf (a) wat beoog om werk te verrig vir 'n tydperk wat die tydperk oorskry waarvoor hy of sy vrystelling van voldoening aan visumvereistes geniet, moet voor sy of haar vertrek na die Republiek in besit wees van 'n geldige visum vir die beoogde tydperk en doel: Met dien verstande dat die tydperk van die beoogde besoek nie ses maande mag oorskry nie.

30

(3) Die Minister van Binnelandse Sake kan ingevolge artikel 31(2)(a) van die Immigrasiewet toestemming verleen dat hoogwaardigheidsbekleërs deur FIFA as sodanig geïdentifiseer, toegelaat word tot die Republiek en daarin bly vir die duur van die 2010-FIFA-Wêreldebeker Suid-Afrika, indien die Minister van Binnelandse Sake minstens 30 dae voor die beoogde vertrek van die hoogwaardigheidsbekleërs na die Republiek 'n lys deur FIFA opgestel wat die persoonlike besonderhede van die hoogwaardigheidsbekleërs bevat, ontvang.

35

(4) (a) 'n Persoon wat, in verband met die 2010-FIFA-Wêreldebeker Suid-Afrika, beoog om in die Republiek werk te verrig of 'n besigheid op te rig of in 'n besigheid te investeer vir 'n tydperk wat ses maande oorskry, moet, wanneer hy of sy om 'n werkpermit of 'n besigheidspermit kragtens die Immigrasiewet aansoek doen, die Direkteur-generaal: Binnelandse Sake voorsien van—

40

(i) bewys van akkreditasie by FIFA ter ondersteuning van die aansoek, minstens 30 dae voor sy of haar vertrek na die Republiek;

45

(ii) 'n beskrywing van die werksaamhede wat in die Republiek onderneem gaan word; en

50

(iii) die duur van die beoogde verblyf.

(b) Indien 'n persoon beoog in paragraaf (a) verlang om vrygestel te word van voldoening aan enige van die vereistes vir 'n werkpermit of besigheidspermit voorgeskryf by die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 7 van die Immigrasiewet, moet daardie persoon toesien dat die Minister van Binnelandse Sake 'n aansoek ingevolge artikel 31(2)(c) van die Immigrasiewet om kwytskelding van daardie vereistes ontvang minstens 60 dae voordat daardie persoon na die Republiek vertrek.

55

(c) The application referred to in paragraph (b) must be approved by the Minister of Home Affairs before the Director-General of Home Affairs may consider the application for a work permit or business permit contemplated in paragraph (a).

### Designated areas

**5.** (1) (a) The LOC, after consultation with the National Commissioner of the South African Police Service and all other stakeholders, may designate any site or any area in a site as a designated area that may only be entered by a person in possession of an accreditation card. 5

(b) For the purposes of paragraph (a), “site” means any—

- (i) stadium or venue; 10
- (ii) public viewing place identified by the LOC;
- (iii) other place or facility related to the 2010 FIFA World Cup South Africa that the LOC may determine to be a place or facility which may only be entered by a person in possession of an accreditation card; or
- (iv) zone surrounding or adjacent to a stadium, venue, place or facility that the LOC, after consultation with the role players referred to in the applicable Host City agreement, identifies as an exclusion zone in which prescribed commercial activities by any person other than persons identified by the LOC are prohibited. 15

(2) The LOC must ensure that every entry point of a designated area is clearly identified and must indicate on a notice at such entry point that access to that area is limited to persons specifically accredited to enter that area. 20

(3) The LOC, after consultation with the National Commissioner of the South African Police Service and all other stakeholders, may issue accreditation cards to persons who, in accordance with the Organising Association Agreement, are entitled to enter a specific designated area. 25

(4) For the purposes of subsection (1)(b)(iv), “Host City agreement” means an agreement between FIFA, the LOC and a city identified and selected by FIFA and the LOC as a city that will host a match.

### Access control measures

30

**6.** (1) No person may enter a designated area unless he or she is in possession of an accreditation card allowing him or her to enter and be in that area.

(2) A peace officer must—

- (a) request any person who wishes to enter or is found in a designated area to produce an accreditation card authorising such person to enter and be in that area; 35
- (b) refuse a person permission to enter a designated area unless such person produces an accreditation card authorising him or her to enter and be in that area; and
- (c) remove any person from a designated area if such person is found in that area and, upon the request of the peace officer, refuses or fails to produce an accreditation card authorising him or her to enter and be in that area. 40

(3) A peace officer may use such force as may be reasonably necessary in and proportional to the circumstances in order to exercise any power in terms of subsection (2). 45

(4) Any person who—

- (a) contravenes or fails to comply with this section; or
- (b) obstructs or hinders any peace officer in the exercise of his or her powers under this section,

is guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both a fine and such imprisonment. 50

(c) Die aansoek bedoel in paragraaf (b) moet deur die Minister van Binnelandse Sake goedgekeur word voordat die Direkteur-generaal: Binnelandse Sake die aansoek om 'n werkpermit of besigheidsp permit beoog in paragraaf (a) kan oorweeg.

### Aangewese gebiede

**5.** (1) (a) Die PRK kan, na oorleg met die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en alle ander belanghebbendes, enige terrein of enige gebied op 'n terrein as 'n aangewese gebied aanwys waartoe slegs 'n persoon in besit van 'n akkreditasiekaart toegang mag verkry. 5

(b) By die toepassing van paragraaf (a) beteken "terrein"—

- (i) 'n stadion of wedstrydplek; 10
- (ii) 'n openbare toeskouerplek geïdentifiseer deur die PRK;
- (iii) 'n ander plek of fasilitet in verband met die 2010-FIFA-Wêreldbeker Suid-Afrika wat die PRK bepaal 'n plek of fasilitet is waartoe slegs 'n persoon in besit van 'n akkreditasiekaart toegang mag verkry; of
- (iv) 'n sone rondom of aangrensend aan 'n stadion, wedstrydplek, plek of fasilitet wat die PRK, na oorleg met die rolspelers genoem in die toepaslike Gasheerstadooreenkoms, identifiseer as 'n uitsluitingsone waarin voorgeskrewe handelsaktiwiteite deur 'n ander persoon as 'n persoon deur die PRK geïdentifiseer, verbied word. 15

(2) Die PRK moet toesien dat elke toegangspunt van 'n aangewese gebied duidelik geïdentifiseer word en moet op 'n kennisgwing by sodanige toegangspunt aandui dat toegang tot daardie gebied beperk word tot persone wat spesifiek geakkrediteer is om daardie gebied binne te gaan. 20

(3) Die PRK kan, na oorleg met die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en alle ander belanghebbendes, akkreditasiekaarte uitrek aan persone wat ooreenkomstig die Reëlingsvereniging-ooreenkoms daarop geregtig is om 'n bepaalde aangewese gebied binne te gaan. 25

(4) By die toepassing van subartikel (1)(b)(iv) beteken "Gasheerstadooreenkoms" 'n ooreenkoms tussen FIFA, die PRK en 'n stad deur FIFA en die PRK geïdentifiseer en gekies as 'n stad wat as gasheer vir 'n wedstryd sal optree. 30

### Toegangsbeheermaatreëls

**6.** (1) Geen persoon mag 'n aangewese gebied binnegaan nie tensy hy of sy in besit is van 'n akkreditasiekaart wat hom of haar toelaat om daardie gebied binne te gaan en daar te wees.

(2) 'n Vredesbeampte moet—

- (a) 'n persoon wat 'n aangewese gebied wil binnegaan of daarbinne aangetref word, versoek om 'n akkreditasiekaart te toon wat daardie persoon magtig om daardie gebied binne te gaan en daar te wees; 35
- (b) 'n persoon toegang tot 'n aangewese gebied weier, tensy daardie persoon 'n akkreditasiekaart toon wat hom of haar magtig om daardie gebied binne te gaan en daar te wees; en
- (c) 'n persoon uit 'n aangewese gebied verwijder indien daardie persoon in daardie gebied aangetref word en op die versoek van die vredesbeampte weier of versuim om 'n akkreditasiekaart te toon wat hom of haar magtig om daardie gebied binne te gaan en daar te wees. 40

(3) 'n Vredesbeampte kan die geweld gebruik wat redelikerwys nodig is in en eweredig is met die omstandighede ten einde 'n bevoegdheid ingevolge subartikel (2) uit te oefen.

(4) 'n Persoon wat—

- (a) hierdie artikel oortree of versuim om daaraan te voldoen; of
  - (b) 'n vredesbeampte dwarsboom of hinder in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede kragtens hierdie artikel,
- begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel 'n boete as sodanige gevangenisstraf. 55

**Act No. 11, 2006****2010 FIFA WORLD CUP SOUTH AFRICA  
SPECIAL MEASURES ACT, 2006****Traffic-free zones**

**7.** (1) (a) No person may drive a vehicle into or in a traffic-free zone or park such vehicle in that zone unless a prescribed notice authorising the presence of the vehicle in that zone is displayed on the vehicle in the prescribed manner.

(b) For the purposes of paragraph (a), a traffic-free zone is any public road or area that is— 5

- (i) identified by the National Commissioner of the South African Police Service, after consultation with all other stakeholders, as a traffic-free zone; and
- (ii) clearly marked in the prescribed manner as a traffic-free zone. 10

(2) A peace officer must refuse a person permission to drive a vehicle into a traffic-free zone unless a notice contemplated in subsection (1)(a) is displayed on such vehicle. 10

(3) A peace officer who finds a vehicle parked or being driven in a traffic-free zone without displaying a notice contemplated in subsection (1)(a) must—

- (a) direct the person who is driving the vehicle to leave that zone immediately;
- (b) if the owner or person who parked the vehicle is readily available, order such owner or person to remove the vehicle from that zone; or 15
- (c) if the owner or person who parked the vehicle is not readily available, remove the vehicle from that zone and impound the vehicle.

(4) For the purposes of subsection (3)(c), regulation 305(6) of the National Road Traffic Regulations, 2000, applies with the necessary changes. 20

(5) Any person who—

- (a) contravenes or fails to comply with this section; or
- (b) obstructs or hinders any peace officer in the exercise of his or her powers under this section,

is guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both a fine and such imprisonment. 25

**Search and seizure**

**8.** (1) A peace officer may search any person intending to enter a designated area or found inside such area and may search any vehicle or container in the possession or under the control of such person or any vehicle being driven into or found in a traffic-free zone for any prescribed object and may seize such an object found on such person, in or on such vehicle or in or on such container and deal with the seized object in the prescribed manner. 30

(2) A peace officer who may lawfully search a person, vehicle or container referred to in subsection (1) may use such force as may be reasonably necessary in and proportional to all the circumstances to overcome any resistance to the search or seizure, including breaking open the vehicle or container. 35

**Regulations**

**9.** (1) The Minister may, subject to subsection (2), make regulations regarding any ancillary or incidental administrative or procedural matter that is necessary to prescribe for the proper implementation or administration of this Act. 40

(2) The Minister of Safety and Security may make regulations regarding—

- (a) any matter which may or must be prescribed in terms of section 7 or 8;
- (b) powers of peace officers in respect of security arrangements at any site contemplated in section 5(1)(b), including powers in respect of access control and search for and seizure of dangerous and commercial objects in order to give effect to the Organising Association Agreement; and 45

**Verkeersvrye sones**

- 7.** (1) (a) Geen persoon mag 'n voertuig tot in of binne 'n verkeersvrye sone bestuur of sodanige voertuig in daardie sone parkeer nie tensy 'n voorgeskrewe kennisgewing wat die teenwoordigheid van die voertuig in daardie sone magtig op die voorgeskrewe wyse op die voertuig vertoon word. 5
- (b) By die toepassing van paragraaf (a) beteken "verkeersvrye sone" 'n openbare pad of gebied wat—
- (i) deur die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, na oorleg met alle ander belanghebbendes, as 'n verkeersvrye sone geïdentifiseer is; en 10
  - (ii) duidelik op die voorgeskrewe wyse as 'n verkeersvrye sone aangedui is.
- (2) 'n Vredesbeampte moet 'n persoon verlof weier om 'n voertuig tot in 'n verkeersvrye sone te bestuur tensy 'n kennisgewing beoog in subartikel (1)(a) op sodanige voertuig vertoon word.
- (3) 'n Vredesbeampte wat 'n voertuig aantref wat in 'n verkeersvrye sone geparkeer 15 is of daarbinne bestuur word sonder dat 'n kennisgewing beoog in subartikel (1)(a) vertoon word, moet—
- (a) die persoon wat die voertuig bestuur, gelas om daardie sone onmiddellik te verlaat;
  - (b) indien die eienaar of persoon wat die voertuig geparkeer het geradelik 20 beskikbaar is, daardie eienaar of persoon beveel om die voertuig uit daardie sone te verwijder; of
  - (c) indien die eienaar of persoon wat die voertuig geparkeer het nie geradelik beskikbaar is nie, daardie voertuig uit die sone verwijder en die voertuig skut.
- (4) By die toepassing van subartikel (3)(c) is regulasie 305(6) van die Nasionale 25 Padverkeersregulasies, 2000, met die nodige veranderinge van toepassing.
- (5) 'n Persoon wat—
- (a) hierdie artikel oortree of versuim om daaraan te voldoen; of
  - (b) 'n vredesbeampte dwarsboom of hinder in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede kragtens hierdie artikel, 30 begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel 'n boete as sodanige gevangenisstraf.

**Visentering en beslaglegging**

- 8.** (1) 'n Vredesbeampte kan 'n persoon wat beoog om 'n aangewese gebied binne te gaan of wat binne sodanige gebied aangetref word, visenteer en kan 'n voertuig of houer in besit of onder beheer van sodanige persoon of 'n voertuig wat tot in 'n verkeersvrye sone bestuur of daarbinne aangetref word vir 'n voorgeskrewe voorwerp visenteer en kan op sodanige voorwerp wat aan sodanige persoon of in of op sodanige voertuig of in of op sodanige houer gevind word, beslag lê en op die voorgeskrewe wyse met daardie 40 voorwerp handel.
- (2) 'n Vredesbeampte wat 'n persoon, voertuig of houer bedoel in subartikel (1) wettiglik kan visenteer, kan die geweld gebruik wat redelikerwys nodig is in en eweredig is met die omstandighede ten einde verset teen die visentering of beslaglegging te bowe te kom, met inbegrip van die oopbreuk van die voertuig of houer. 45

**Regulasies**

- 9.** (1) Die Minister kan, behoudens subartikel (2), regulasies uitvaardig betreffende 'n aanvullende of toevallige administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig is om vir die behoorlike uitvoering of toepassing van hierdie Wet voor te skryf.
- (2) Die Minister van Veiligheid en Sekuriteit kan regulasies uitvaardig betreffende— 50
- (a) enige aangeleentheid wat ingevolge artikel 7 of 8 voorgeskryf kan of moet word;
  - (b) die bevoegdhede van vredesbeamptes met betrekking tot sekuriteitsreëlings by enige terrein beoog in artikel 5(1)(b), met inbegrip van bevoegdhede rakende toegangsbeheer en visentering vir en beslaglegging op geværlike en handelsvoorwerpe, ten einde uitvoering aan die Reëlingsvereniging-ooreenkoms te gee; en 55

**Act No. 11, 2006****2010 FIFA WORLD CUP SOUTH AFRICA  
SPECIAL MEASURES ACT, 2006**

(c) any ancillary or incidental administrative or procedural matter that it is necessary to prescribe for the proper implementation or administration of sections 5, 6, 7 and 8.

(3) Any regulation made under subsection (2) may declare a contravention thereof or failure to comply therewith to be an offence and that a person convicted of such an offence may be sentenced to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 12 months or to both a fine and such imprisonment. 5

(4) Before the Minister makes any regulation under subsection (1) and before the Minister of Safety and Security makes any regulation under subsection (2), as the case may be, he or she must publish a draft of the proposed regulation in the *Gazette* together with a notice calling on interested persons to comment, in writing, within a period stated in the notice, of not less than 30 days from the date of publication of the notice. 10

(5) If the Minister or Minister of Safety and Security alters the draft regulations in question, as a result of any comment, he or she need not publish those alterations before making the regulations. 15

(6) The Minister or Minister of Safety and Security, as the case may be, must submit to Parliament the draft regulations contemplated in subsection (4) and comments received in terms of that subsection before final publication.

**Short title**

**10.** This Act is called the 2010 FIFA World Cup South Africa Special Measures Act, 20 2006.

**WET OP SPESIALE MAATREËLS RAKENDE DIE  
2010-FIFA-WÊRELBEKER SUID-AFRIKA, 2006**

**Wet No. 11, 2006**

(c) 'n aanvullende of toevallige administratiewe of procedurele aangeleentheid wat nodig is om voor te skryf vir die behoorlike uitvoering of toepassing van artikels 5, 6, 7 en 8.

(3) 'n Regulasie uitgevaardig kragtens subartikel (2) kan bepaal dat 'n oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen 'n misdryf is en dat 'n persoon wat aan sodanige misdryf skuldig bevind word, strafbaar is met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande of met sowel 'n boete as sodanige gevangenisstraf.

(4) Voordat die Minister 'n regulasie kragtens subartikel (1) uitvaardig en voordat die Minister van Veiligheid en Sekuriteit 'n regulasie kragtens subartikel (2) uitvaardig, na gelang van die geval, moet hy of sy 'n konsep van die beoogde regulasie in die *Staatskoerant* publiseer tesame met 'n kennisgewing wat belanghebbende persone versoek om binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, wat minstens 30 dae na die datum van publikasie van die kennisgewing moet wees, skriftelik kommentaar te lewer.

(5) Indien die Minister of die Minister van Veiligheid en Sekuriteit die betrokke konseptregulasie wysig op grond van enige kommentaar, hoef hy of sy nie daardie wysiging te publiseer voordat hy of sy die regulasie uitvaardig nie.

(6) Die Minister of die Minister van Veiligheid en Sekuriteit, na gelang van die geval, moet die konseptregulasies beoog in subartikel (4) en die kommentaar wat ooreenkomstig daardie subartikel ontvang is, voor die finale publikasie aan die Parlement voorlê.

**Kort titel**

**10. Hierdie Wet heet die Wet op Spesiale Maatreëls rakende die 2010-FIFA-Wêreldbeker Suid-Afrika, 2006.**